

Titel: Wat definieer jou?
Pastor: Sias le Roux
Datum: 5 Desember 2010
Tyd: 09:00



A: Die twee grootste vrae

1. Wie is ek?
2. Waarom is ek hier?

Wie / wat definieer jou?

B: Die getuienis van die dissipels

Handelinge 4:33

³³ En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

C: Die woord van jou getuienis

Openbaring 12:11

¹¹ En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

D: Die getuienis van Jesus

Openbaring 19:6-11

⁶ En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. ⁷ Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. ⁸ En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dae van die heiliges. ⁹ Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. ¹⁰ En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broers wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. ¹¹ Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

E: Die profetiese gawe

I Korinthiërs 14:3

³ Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging.

F: Christus in ons

Kolossense 1:27-29

²⁷ aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid. ²⁸ Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; ²⁹ waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.

G: Christus met ons

Mattheus 1:24

²⁴ En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die Here hom beveel het en sy vrou by hom geneem.

“Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.”